

Sing vooraf staande: Psalm 4:2 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Geloofsbelofte: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 99:4, 5 (p. 492)

Wet

Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

Psalm 86:6 (p. 433)

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Skriflesing: Openbaring 3

Teks: Openbaring 3: 15, 16

Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm ! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spoeg. (Openbaring 3: 15, 16 AFR53)

Broeders en susters, waar pas ons Godsdienstebeoefening in hierdie brief in? As ons nie onverskillig staan in u aanbidding nie, maar ons is ook nie werklik besield nie, dan is hierdie brief aan gerig!

Ons gee aandag aan die volgende sake:

- 1. Die gemeente van Laodicea**
- 2. Die gevolge van hulle lewenstyl**
- 3. Waarskuwing: Waak teen gewoontegodsdiens**

1. Die gemeente van Laodicea

Kom ons ontmoet Laodicea, ons medechristengemeente in Klein Asië.

- Ons eerste kennismaking met die gemeente daar, deur hierdie brief van ons Here, is maar 'n troostelose een.
- Ons Here het geen woord van lof of goedkeuring vir daardie broeders en susters nie.

Tog is dit 'n gemeente waar dit goed gaan.

- Ons lees nie van enige verdrukking wat daar plaasgevind het nie.
- Ons weet ook nie van stryd wat hulle deurgemaak het nie – daar was nie kettters wat die gemeente verwar het nie.
- Daar was verder rus in die gemeente omdat hulle kon beweeg waar hulle wou.

Die geestelike toestand van die broeders en susters daar was egter baie beklaenswaardig.

- Dit was veral so omdat hulle nie begrip gehad het vir hulle eie toestand nie – hulle het nie besef wat hulle doen en op watter kerf hulle geloofslê nie.
- Hierdie ellendige toestand het ontstaan nie omdat die gemeente daar onverskillig gestaan het teenoor geloofsake nie, maar hulle was ook nie besied nie.
- Dalk die belangrikste – hulle het nie besef wat dit is om nederig te wees nie.

Toe word hulle deur die Drie-enige God gekonfronteer met hulle situasie.

- Hy stel nie belang in jou vertolking van jou situasie nie – Hy stel net in die waarheid belang.
- Hy het gehoor dat die gemeente van Laodicea met die mond bely dat hulle die Here liefhet en dat hulle van Hom afhanklik is.
- Maar Hy het ook geweet dat dit nie waar was nie. Daar was by die gemeente 'n mate van emosieloosheid as gevolg van hulle selfvoldaanheid.

Die gemeente was taamlik grootpraterig, want hulle het loop en rondvertel dat hulle ryk is en aan niks gebrek het nie.

- Maar dit was ook juis hierdie rykdom wat gelei het tot hulle agteruitgang op geestelike gebied, veral omdat dit 'n streep getrek het deur hulle nederigheid.
- Hulle het 'n onafhanklike gees ontwikkel wat hulle al hoe verder van die Here af weggelei het.
- Sonder dat hulle dit agtergekom het, het hulle aardse rykdom hulle sielelewe verstik.

Wat het hulle gemis?

- Nederigheid is die onmisbare onderbou van die Christelike verlossing, want ons kan slegs in die verlossing deel as ons voortdurend skerp besef dat ons niks het waarmee ons die stryd teen die duiwel kan voortsit nie.
- Ons moet dus elke oomblik voortlewe met ons oë op God gerig met die geloof en verwagting dat Hy ons met die genade sal bedien om die Satan te kan hanteer en sy aanslae te kan bemeester.

Die Laodiceër se lewenshouding was dat hy geweier het om hand uit te steek om aan iemand anders hulp te verleen.

- Daarom was selfs hulle geloofsbeplanning so ingerig dat hulle op hulle eie krag kon staatmaak.
- Noodwendig maak dit kontak tussen so 'n lidmaat en die Here Jesus Christus onmoontlik.

2. Die gevolge van hulle lewenstyl

Wanneer 'n mens God verwerp, onttrek die Here ook sy seën aan daardie mens, en dan begin daardie mens om verder van God af te verdwaal – selfs terwyl hy nog onder die waan verkeer dat hy die Here aanbid.

- Presies dit het die gemeente van Laodicea getref. Hulle het 'n soort lewe begin leef waarin hulle alles beplan en beheer het, en dan het hulle alles in hokkies en vakkies ingedeel: soveel vir my hier, en dit vir my besigheid, en soveel vir die Here.
- Dis hoe dit gebeur het dat die gemeente van Laodicea lou geword het.
 - Hulle het nie hulle hele lewe vir God afgesonder nie.
 - Hulle het 'n deel vir God gegee, en die res vir die wêreld uitgemeet.

Wat dink die Here hiervan? Die Here verag so 'n toestand.

- Daarom blyk dit duidelik uit die brief dat die gemeente die Here walg: **Ek sal jou uitspoeg.**
- Is dit nie ook vir u snaaks dat die Here sê dat 'n koue mens vir Hom aanvaarbaarder is as 'n lou een nie?
 - Ons sou dink dat daardie persoon ten minste tog probeer!
 - Die Here dink anders.

Die Here verklaar hier baie duidelik dat Hy eerder verkies dat iemand koud is as lou, want iemand wat koud is omdat hy heeltemal onverskillig staan, kan nog tot bekering kom.

- 'n Koue mens kan nog so verander dat hy uiteindelik warm is in sy lewe teenoor die Here.
- Daar is dus hoop vir 'n wêreldmens wat nog nooit ernstig was met die evangelie nie.
- Maar daar is nie hoop vir 'n afgewaterde Christen wat nie oortuig wil word dat hy moet verbeter nie!

U moet onthou wat die vorige briewe geleer het, naamlik dat die lewe van 'n gemeente bestaan uit die saamgestelde lewe van sy lede.

- Sou die Here nie dalk in sekere opsigte ons gemeente ook in sy oordeel langs die een van Laodicea wil stel nie?
- Tog is God beslis nie ongenadig nie – al het Hy rede om te wees!

Hy kom nog en sê vir die trotse Laodiceërs: Kry by My oogsalf wat jou oë kan oopmaak om te sien, want die salf wat jy gebruik hou jou blind.

- Gewone doktersalf – soos dié wat die mense van Laodicea gemaak het – sorg net vir jou liggaamlike oë.
- Die oogsalf van God maak jou oë oop om ook jou eie ellendes raak te sien, en daarmee saam die genade van jou verlossing in Jesus Christus.

Verder noem die Here ook goud vir die ware rykdom – die ewige lewe, en wit klere.

- Wit het hier die betekenis dat dit staan teenoor swart wat die kleur van die dood is.
- Maar dit staan ook teenoor die swart bokhaarklere wat die tipiese rykmansdrag van die Laodiceërs van daardie tyd was.
- Verder is wit natuurlik die kleur van God se heiligheid. Kyk weer na die gevaarpunt van hierdie preek:

Die gemeentelede van Laodicea het hulle nie met energie teen God versit nie; hulle was net neutraal. Dit is al erg genoeg, maar die groot probleem van daardie gemeente was dat hulle die toestand nie kon raaksien nie.

3. Waarskuwing: Waak teen gewoontegodsdiens

Die gelowiges in Laodicea het gewoon geraak aan hulle godsdiens.

- Om God te aanbid het vir hulle sy varsheid en nuutheid verloor.
- Hulle het maar so geglo, en die kinders het dit ook maar so in die katkisasie gehoor, en dan het hulle belydenis van hulle geloof afgelê, en dan het hulle ook maar so-so verder gegaan.

Dis toe waarom die Here hulle uitgespoeg het.

- Is iets van hierdie dinge nie ook iewers waar van my en van elkeen van ons in hierdie gemeente nie?
- Ons moet hieroor besin, want ons gaan weer Nagmaal vier. Met watter besef van hierdie groot saak kom ons na die Here toe?

Kom ons spaar onself baie droefheid en ons besin ernstig oor die toestand van ons geloofsluwe.

- Ons doen tog nou voorbereiding, en dit is dus gepas dat ons hieraan aandag moet gee.
- Dit raak ons almal se gesindheid.

Mens kan op twee maniere op die Here se eis reageer.

- Eerstens kan ons op die Here se aanspraak tot verbetering dadelik op ons knieë gaan en berou betoon en vergifnis vra – wat dadelik aan ons geskenk word as ons dit opreg vra.
- Of ons kan soos Kaïn teen God in verset kom.

U moet nie dink dat Kaïn ongelowig geword het nie!

- Hy het nog saam met sy broer gaan offer. Maar sy offer was onregverdig, want hy was lou of koud in sy aanbidding.
- God het met hom gaan praat, en toe het hy net sy kop laat hang.
- Ons moet net besef dat ons voortdurend aan ons geloof moet werk as ons dit vars en gesond moet hou.

Die Christusprediking val in twee dele uiteen:

- Die Here skryf in Openbaring dat Hy voor die deur staan en klop.
 - Hy appelleer dus op ons aanbidding en geloof om warm te wees.
 - Die bedoeling is glad nie daarmee dat ons die keuse het om oop of toe te maak nie.
 - Daarmee stel die Here bloot die feit: Hy behoort binne te wees om saam fees te vier, want dis waarvoor Hy gesterf het.
 - 'n Mens wat lou is in sy geloof, is iemand wat onverskillig is en die Here bedroef. Vir al diesulkes preek die Here dat hulle hulle moet bekeer.
- Die tweede deel van die Christusprediking is dat Hy belowe dat Hy alle mense wat met volle verantwoordelikheid sy genade oor ons benut, met koningsheerlikheid sal beklee.
- Besef u watter geweldige woorde hierdie is? Ons gaan Nagmaal vier. Ons kom dus aan die Nagmaaltafel sit met die aanspraak in die Naam van die Here Jesus Christus dat Hy ons beveel het om aan die heerlikheid van die tafel te kom deel.
- Hy roep ons daarheen om ons daar te herinner aan sy werk, en ons sodoende aan te spoor om geloofsluwend en opofferend te wees.

Broeders en susters, kom ons beveg ons geloofstraagheid op elke terrein. Kom ons sorg dat ons 'n gemeente is wat warm is in ons geloof, ons verkeer met God en met mekaar.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 105:2 (p. 514)

2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 3 Februarie 2013